DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

## 09 JUNIE 2019

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jeremia 13: 1 - 17 |
| **Tema** | Die Here troos ons elke dag |



Psalm 135: 1, 2 (Sk 18-7 se wysie);
Psalm 146: 3, 8
Psalm 130: 2, 4
Psalm 37: 17, 23
Psalm 23; Ps 116
Skrifberyming 10-2
Skrifberyming 15-1: 2, 4 (Ps 116 se wysie)

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Die Here het 'n verbond met ons opgerig. Soos 'n linnedoek om die heupe het God Homself aan ons vasgemaak. Die praktiese prediking van Jeremia skud die volk. Die linnedoek is vuil en onbruikbaar. So is die mens na die sondeval. Daarom wys God se liefde konkreet in Christus se versoening as Hy ons kom skoonmaak en nuutmaak. Ons word deel van Sy liggaam. Die nagmaal beeld die reiniging vir ons konkreet uit. Deur die liggaam en bloed van Christus is ons aan Christus tot in ewigheid vas. Deur Sy Gees reinig en heilig Hy ons elke dag. Daarom eis die Here elke dag berou en bekering. Ons lewe stuur na die ewigheid. Dank God daarvoor en leef dit in die daaglikse praktyk. Mag die Here ons seën

## Nagmaalete vandag 12H00

Moet nie vergeet van ons nagmaalete vandag nie.

Sien julle almal 12H00 hier by die kerk!

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **09 Junie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale Fonds. |
| **10 Junie** | **18h00** | Breëkerkraadsvergadering. | |
| **11 Junie** | **18h00** | Sustersbestuurvergadering. | |
| **14 Junie** | | SKOLE SLUIT | |



## KATKISASIE

Geen Katkisasie nie. Katkisasie begin weer DV. 14 Julie.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 09 JUNIE 2019

**Diensbeurt:** Wyk P8 — **Katkisasie:** Geen

**Ouderling:** Fanie Hattingh — **Diaken:** Theyman Jongbloed

## OOG VIR MEKAAR

- Hennie Oelofse het weer chemo behandeling gehad. Hy het tans gordelroos en moet oor die naweek behandeling daarvoor ontvang.
- Ernst Eloff is tuis na sy skoueroperasie. Ons bid vir spoedige genesing. Sterkte vir Sandra met die versorging.
- Ons is dankbaar dat die vel mooi groei op Gerhard Maritz se wond.
- Gerdien Kuijpers ontvang vanaf 11 Junie chemo-behandeling vir 6 geleenthede. Ons bede is dat die Here jou daardeur sal lei en sal dra.
- Joan Erasmus het geval en haar heup gebreek. Sy is Donderdag geopereer.
- Petra vd Walt het 'n beentjie in haar voet gebreek. Sterkte vir jou en Hannes.
- Hannes Sauerman het 'n pasaangeëer ontvang. Ons bid vir Antoinette met sy versorging.
- Ons bid vir ons kinders wat besig is om eksamen te skryf. Sterkte met die akademie. Sterkte vir almal wat nasien.

- Baie geluk Albie en Riana Olivier wat die afgelope Woensdag 'n kleinseun ryker geword het. Ouers en baba is nog in Engeland, maar is spoedig oppad na SA. Ons is dankbaar dat alles goed afgeloop het.
- Ons dink aan almal wat spanning ervaar rondom persoonlike sake soos finansies en verhoudinge. Ons bid vir julle en mag ons Vader julle deur Sy Gees bystaan en elke dag versterk.
- Ons wens almal wat die komende vakansie weggaan 'n goeie wegbreek toe. Ons bid vir almal se veiligheid.

## SUSTERS - KERKRAADSVERGADERING 10 JUN

| **Eetgoed:** | **Skink:** |
|---|---|
| Daleen Hoogendyk | Heila Lessing |
| Antoinette Sauermann | Marietjie Venter |
| Comin vd Walt | Nelie Badenhorst |
| Christa Carlise | |
| Elzànne Botha | |

## SILWERDOPPERS

Silwerdopper byeenkoms Woensdag 12 Junie om 10:00 by die kerkgebou. Ons gaan Kegelbal speel. Al die Silwerdoppers is welkom. Kontak vir Marina vd Walt : 072 135 6905 vir enige navrae.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **09 Junie** | **NAGMAAL** | **16 Junie** | Sarie Bronkhorst | P8 |
| | | | Daleen Coetsee | P8 |
| | | | Simone Jongbloed | P8 |
| | | | Comin vd Walt | P8 |
| | | | Koemi vd Walt | P8 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# BASAAR 30 AUGUSTUS

Ons hou basaar op Vrydag 30 Augustus. Almal wat wil stalletjies doen vir die aand is welkom. Alle kos stalletjies sal deur die kerk gedoen word maar enige ander stalletjies is welkom. Ons benodig egter vleis/wildsvleis vir die vleis tafel Skakel asb vir Jan-Carel (0795221992) indien jy enige skenkings kan doen. Ons vra ook gebak vir die koektafel en poedings vir die poeding tafel. Ons is ook opsoek na iemand wat bereid is om die stokworsie stalletjie te doen. Jy kan nou al vir Daleen laat weet wat u bereid is om te gee.



## JEUGAKSIE - 09 AUGUSTUS

Al die kinders word hartlik uitgenooi om Vrydag vanaf 09h00-13h00 saam ons te kom geniet! Ons gaan lekker speletjies speel en worsbroodjies eet. As jy saam wil kom, skryf asb. jou naam op die kennisgewingbord. Hoop ons sien julle almal daar !

## GEMEENTEKAMP 20-22 SEPTEMBER

Die lys is op die kennisgewingbord. Bespreek jou plek vroegtydig. Betalings kan solank gedoen word in die Aktiwiteitskommissie rekening of u kan by Daleen betaal.

## BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.



# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER





| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. - 09 Jun. | Lacya Grobler<br>Jeandre Nel | B<br>D | 082 695 1390<br>083 739 6152 |
| Do. - 13 Jun. | Lene Potgieter | B | 084 505 3830 |
| Vr. - 14 Jun. | Rika Jongbloed<br>Welize Stander | B<br>D | 072 189 9319<br>082 477 8009 |
| Sa. - 15 Jun. | Annelize van Tonder<br>Annemie Venter | B<br>D | 082 257 8592<br>083 397 6685 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| | GEEN | | |



## BEROEPENUUS

### BEROEPE ONTVANG

Proponent JD Mienie (Juan) na GK Zeerust

### BEROEPE BEDANK

Ds DJ Dykstra (Dirk) van GK Nigel na GK Hendrina/Carolina kombinasie

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Soos 'n gordel stewig vas om die lyf van 'n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan My vasgemaak, sê die Here. Hulle moes my volk wees, hulle moes lewe tot my roem en eer en 'n sieraad vir My wees, maar hulle het nie geluister nie."*

*Jeremia 13:11*

*Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS